Sing vooraf staande: Skrifberyming 14-1:1, 2 (nuut)

1 Waak, Christen, staan in die geloof / dat niemand jou die kroon ontroof!
Wees wys en dapper, sterk en moedig, / – steeds toegewy aan God se werk,
standvastig, onbeweeglik, sterk, / vol ywer, altyd meer oorvloedig –
dan sal jou arbeid in die Heer / tot seën wees, sy Naam ter eer!

2 Wees, Christen, in jou Heer versterk, / want Hy wil altyd in jou werk
om kwaad en sonde te weerstrewe. / Verrig jou taak met vaste hand,
en doen jou woord altyd gestand; / wil daarby rein en matig lewe.
En wil die Here dat jy ly, / o Christen, leer geduld daarby!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 63:3 (p. 308)

3 Ek wil U prys my lewe lank, / my hande ophef en U dank.
Want, soos met vettigheid, sal weer / my siel versadig word, o HEER!
My mond sal jubelend U noem, / my lippe hoog u weldaad roem
wanneer die aarde͡in nag versink – / dan sal ek peinsend aan U dink.

Geloofsbelydenis: Nicea

Na die wet bely ons voor God ons sondeskuld en bid vir vergewing van ons sondes met Psalm 25:9 (p. 117)

Wet

Psalm 25:9 (p. 117)

9 Slaan op my ellende͡u oë, / hoor my, HEER, uit medely;
neem my sondes uit meedoë / almal weg, vergeef dit my!
HEER, aanskou die leërmag / wat om my vermenigvuldig,
want hul lê op my en wag – / vol van haat en ongeduldig.

Gebed

- *Doksologie:*
- *Aanbidding:*
- *Skuldbelydenis:*
- *Vergifnis:*
- *Dank:*
- *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God*
- *Algemene bede:*
- *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*

Psalm 34:4 (p. 167)

4 Gods sterke Engel wil / 'n laer van beskutting wees
óm almal wat die HERE vrees. / Hy maak hul onrus stil.
Ervaar dan en aanskou / hoe waaksaam God is en hoe goed.
Hoe salig is 't in my gemoed / as ek op Hom vertrou!

Skriflesing: Hebreërs 4

Teks: Hebreërs 4:1

> **Laat ons dan vrees dat, terwyl die belofte om in sy rus in te gaan nog standhou, dit nie miskien sal blyk dat iemand van julle agtergebly het nie.** (Hebreërs 4:1 AFR1953)

Voorlopers wat agterblyers geword het sonder dat hulle dit weet!

- Ons meet ons godsdiens of ons lewenswaardes soms baie hoog.
- Sover dit ons aangaan, is dit meestal van die beste en is ons nog heeltemal goed op standaard.

Maar wanneer daar ’n standaardmaatstaf langs ons godsdienstige lewe gehou word, blyk dit dat baie van ons uitgesak het omdat ons verflou het. Dan het ons agterlopers geword wat die rus van die Here nie kan ingaan nie.

1. Waarom het die lyke in die woestyn agtergebly?
2. Waar pas ons?

1. Waarom het die lyke in die woestyn agtergebly?
Die gedeelte wat ons gelees het, is inderdaad ’n preek wat gelewer is oor Psalm 95 se laaste gedeelte.

Die teks van ons voorgelese Hebreër-preek is die volgende:

> **Verhard julle hart nie soos by Meriba, soos op die dag van Massa in die woestyn nie; waar julle vaders My versoek het, My beproef het, alhoewel hulle My werk gesien het. Veertig jaar het Ek ’n afkeer gehad aan hierdie geslag en gesê: hulle is ’n volk met ’n dwalende hart en hulle ken My weë nie; sodat Ek in My toorn gesweer het: waarlik, hulle sal in My rus nie ingaan nie!** Psalm 95:8-11 AFR1953)

Die agtergrond van hierdie preek is die Israeliete in die woestyn, wat net elke keer geëis het dat God aan hulle tevredenheid moet gee, terwyl hulle nie hulle deel teenoor God nagekom het nie.

- God se heerlikheid is nie onder hulle in ere gehou nie.
- Daarom het die Here toornig geword en gesweer dat daar van daardie geslag nie een in die beloofde land sou ingaan nie.
- Die rus waarvan die Here telkens praat, is hier Palestina, die land wat aan die volk as erfdeel beloof is.
- Daarom moes die wat die rus verbeur het, veertig jaar rondswerf in die woestyn totdat hulle almal daar gesterf het.
- Dit is die bedoeling van die woorde *agtergebly het*. Die wie *se lyke in die woestyn geval het*.

Die geskiedenis word in Numeri 14:22 beskrywe:

> **Al die manne wat My heerlikheid en My tekens gesien het wat Ek in Egipte en in die woestyn gedoen het, en My nou al tien maal versoek het en na My stem nie geluister het nie, hulle sal die land nie sien wat Ek aan hulle vaders met ’n eed beloof het nie, ja, almal wat My verag het sal dit nie sien nie.** (Numeri 14:22 AFR1953)

Dit is nou hierdie stukkie geskiedenis waarna daar in Psalm 95 verwys word, en waaroor die preek gaan in die Hebreër-brief. Hierdie wederstrewige Israeliete word as ’n voorbeeld gebruik om ons te waarsku teen afval en verflouing in ons verhouding tot God.

In hoofstuk 3:6 kry ons reeds die aanloop van hierdie saak daarin dat die Hebreërs daarop gewys word dat hulle die hoop moet vashou.

- ’n Christen moet so deur die aardse tyd lewe dat hy voortdurend uitsien na die lewe hierna.

- Want die lewe hierna is die rus van God wat aan ons beloof word.
- Palestina, waarheen die Jode in die woestyn op pad was, is hier in die Bybel net die simbool van die rus van God.
- Dit is ’n weerspieëling van die ewige rus en vrede wat daar by God in die hemel sal wees.

Daarom kom die woorde van hoofstuk 4:1 so skielik en skerp:

Hou vas aan die belofte om in die rus in te gaan! Moenie dat dit blyk dat jy agtergebly het nie!

Dieselfde saak word in hoofstuk 3:8-11 beskryf as die skrywer sê dat ons nie moet kyk hoe ver ons God kan versoek en tart voordat Hy ons straf nie.

- Moenie soos die Jode in die woestyn alewig jou eise teen God s’n hou en dan joune as die belangrikste ag nie.
- Vir hulle het God in sy toorn gesweer dat hulle nie in sy rus sal ingaan nie.

Soos ons ook maar geneig is om te doen, het hierdie Nuwe-Testamentiese gemeentes onder die Hebreërs (diaspora!) ook stadigaan nuwe lewenswaardes begin ontwikkel.

- Stadig maar seker het dit tot gevolg gehad dat hulle van God afvallig geword het.
- Daarom staan daar dié woorde in hoofstuk 3 vers 12:

  Sorg daarvoor ... dat daar nie miskien in een van julle ’n bose en ongelowige hart is deurdat *jy* (hy) van die lewende God afvallig word nie. (Hebreërs 3:12 AFR1953)

As jy eers op die punt gekom het waar jy jou verhard teen God is dit vir jou te laat. Dan kan jy die rus van God nie meer ingaan nie.

Maar ons is nie hopeloos verlore in ons sondes nie.

- Hierdie Israeliete is gestraf terwyl die belofte vir hulle gestaan het dat hulle die rus van God kan ingaan.
- Hulle was immers op pad na die beloofde land toe – net so is ons op die pad na die ewigheid toe by die Vader.
- Dis logies want ons het deelgenote van Christus geword. Ons moet net met vertroue ons geloof tot die einde toe vashou.
- Dit is waarom die Here pertinent laat skryf dat die belofte om in sy rus in te gaan nog standhou.

’n Christen se lewe bestaan juis daarin dat hy so lewe dat hy uitsien na die volmaaktheid. Daarom is die teksvers inderdaad ’n sagte bevel: Hou vol tot die einde toe!

- Hou vas tot die einde van jou lewe toe, want die einde van jou lewe is vanself ook die einde in jou stryd en volharding hier op die aarde.
- As dit nie ’n kenmerk van jou lewe is nie, deel jy in die ongehoorsaamheid soos Israel.

Dit was juis hulle ongehoorsaamheid wat die oorsaak was dat hulle die rus van Kanaän verbeur het en in die dorre woestyn geval het.

- Ongehoorsaamheid word uit ongeloof gebore.
- Daarom sê die Here in Psalm 95 dat hulle sy werke gesien het maar sy weë tog nie geken het nie.
- Hulle het ondanks alles wat vir hulle gedoen is, *tog nie geglo nie*.

Hierdie mense het met die geweld van God se oordeel kennis gemaak. Daarom is die begin van hoofstuk 4 angstig en dringend!

- Vrees dat jy nie agtergebly het nie!
- Pasop dat jy nie een van hulle is wat in die woestyn moet sterwe nie – en dit terwyl die rus van God reeds so aanloklik naby is nie.
- Pasop! Die belofte van God se rus staan nog vir jou ook – en as jy dit nie glo nie, gaan jy onder die verskriklike oordeel van God deurloop.
- Die oordeelstoorn van God ken nie genade nie. Dit is sonder goedertierenheid hoegenaamd.

2. Waar pas ons?

Nou die belangrike punt: Hierdie preek in die Hebreër-brief word vir gelowiges gepreek wat die wêreld vol in jong christelike kerke gesit en luister het toe die brief oraloor voorgelees is! Dus geld alles in die brief ook vir ons, want ons is in dieselfde bedeling.

- Niemand het ’n verskoning nie.
- Die evangelie is aan almal verkondig – aan ons soos aan die Israeliete in die woestyn en aan die Hebreër-christene aan wie die brief gerig is.

Die Here het Hom nie van ons teruggetrek nie.

- Die belofte om in sy rus in te gaan staan nog – dit is wat die evangelie leer.
- Vers 2 sê dat jy nie moet doof wees as jy dit hoor nie. Hoor en glo!

Ons het die bewys van God se guns en die bevestiging van sy belofte in die Here Jesus Christus.

- Hy het dan juis gesterf sodat die belofte om in die rus van God te kan ingaan nie meer net ’n belofte is nie, maar sodat dit juis ’n werklikheid geword het.
- Ons leef nog in die tyd van genade. Hierdie belofte en sy vervulling word nog gepreek.
- Daarom moet ons ernstig kyk na ons lewe – na ons doen en ons late.

In Psalm 95 staan daar in die eerste gedeelte dat die Israeliete wat die veertig jaar oorleef het, nou ’n bepaalde leefwyse het. Lees vers 6:

> **Kom, laat ons aanbid en neerbuk; laat ons kniel voor die HERE wat ons gemaak het.**
> (Psalm 95:6 AFR1953)

Dit kom daarop aan hoe ons werklik leef – of ons die belofte in ons lewens verwag!

- *Aanbid* ons nog?
- Met gebed en smeking?
- Met ’n ywerige kerkbesoek?
- Waak dat ons nie besig is om agter te bly nie.

Die Here Jesus se koms aarde toe het juis met hierdie ding te doen. Onthou dat ons dadelik na die sondeval in ons heiligwording en in ons etiese lewe en in ons saligwording begin terugval het.

- Sy versoeningsdaad is juis ook om teruggevalle sondaars wat veragter het in die geloof, te red.
- Hy het vir al hulle nalatigheid versoening gedoen by God.

Dit is maar net wat Hy gedoen het van sy kant af om ons te versoen. Hy het meer gedoen as dit: As vrug van sy dood, stuur Hy God die Heilige Gees terug na ons toe.

Waarom? Wat doen God die Heilige Gees met my?

- Die Here Jesus verseker my deur sy Heilige Gees van die ewige lewe.
- Deur die Heilige Gees maak Hy my van harte gewillig en bereid om elke sekonde van my bestaan vir Hom te lewe. (HK Sondag 1).

God die Heilige Gees werk dus ’n ware geloof in my – dis die geloof waarop die Hebreër-boek hom beroep, want iemand wat daardie geloof het, raak nie agter in God se genade nie. Ons bely mos hierdie ware geloof (HK Sondag 7):

> *’n Ware geloof is nie alleen ’n vasstaande kennis waardeur ek alles wat God in sy Woord aan ons geopenbaar het (a) vir waar aanvaar nie, maar ook ’n vaste vertroue (b) wat die Heilige Gees (c) deur die evangelie in my hart werk (d), naamlik dat God nie net aan ander nie, maar ook aan my uit loutere genade, slegs op grond van die verdienste van Christus (e), vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid (f) geskenk het.*

Hier sit ons nou in die jaar 2011. Waar gaan ons nou heen met die oproep van die Here dat ons nie moet veragter in die geloof nie?

Ons gaan vorentoe met blydskap en waar ons agterraak, kom ons tot bekering! Kan ons?

- Ja! Ons kan, want eerstens het die Here Jesus deur sy Heilige Gees die hemelse gawes in ons, sy lede, uitgestort.
- Ten tweede beskerm en bewaar Hy (die Here Jesus) ons met sy mag teen alle vyande. (HK vraag 51).

Soms raak mens moedeloos en dan dink ons ons kan nie die sonde afskud nie.

- Moenie dat daardie soort twyfel u aanval en onderkry nie – ons bely juis dat God die Heilige Gees aan elkeen van ons gegee is sodat Hy ons deur ’n ware geloof deel laat kry aan Christus en al sy weldade, dat Hy ons troos en ewig by ons bly.
- Wie kan God se almagtige werking keer? Ons bely dan dat ons deur die Heilige Gees vernuwe en as lede van Christus geheilig word sodat ons die sonde hoe langer hoe meer afsterwe en godvresend en onbesproke lewe (HK vraag 70).

Dis presies al die dinge waarna die skrywer van die Hebreër-brief verwys met die woorde:

> **Terwyl ons dan ’n groot Hoëpriester het wat deur die hemele deurgegaan het, naamlik Jesus, die Seun van God, laat ons die belydenis vashou.** (Hebreërs 4:4 AFR1953)

Die evangelie van verlossing van sondes en van genade in Jesus die Here word gereeld in die kerk van die Here gehoor – maar daarteenoor bied die wêreld ons heelwat ander geloofstrukture.

- Die wêreld se aanbieding van geluk en verlossing is een wat ons van God af losmaak en op ’n heel ander pad met totaal ander lewenswaardes stuur.
- Die ellende is dat dit wat die wêreld en die wetenskap ons bied, dikwels geen verlossing bied nie!
- Die moderne mense bedryf baie keer ’n soort politiek wat vir hulle godsdiens is, maar wat geen verlossing na die dood bied nie!
- Dit bied kwalik verlossing vir die tydelike lewe – so asof die verlossing in aardse welvaart lê en dan spesifiek in die maniere waarop mense dit uitwerk.
- Die hiernamaals lê buite die gesigsveld van die hier en die nou.

Die mense wat in daardie dinge verval, is diesulkes wie se grafte in die eensaamheid van ’n dorre woestyn lê.

- Dis van daardie soort mense wat die Here sê dat hulle die rus van God nooit gesien het nie!
- Die feit dat hulle buite die grense van Kanaän in die woestyn dood is, is die simbool daarvan dat hulle ook nooit eendag in die hemel sal wees nie!
- So kom dit dat mense wat meen dat hulle voorloop en byhou, lankal agtergebly het.

Die klem val nie in hierdie gedeelte van die Hebreër-brief op wat Israel gedoen het nie, maar oor wat die verhouding is tussen dit wat hulle gedoen het en wat hulle verhouding met die Here is.

- Dit gaan daarom oor hoekom ons doen wat ons doen.
- Glo ons of is ons soos hulle moedswillig, want dan gaan ons soos hulle gestraf word!
- Hulle is net ’n voorbeeld.

Ons jongmense moet veral luister. Wat van julle, want julle is die kerk van môre!

- Gryp julle vas aan die beloftes dat Jesus Christus die toorn van God tot in die dieptes van die hel moes deurmaak sodat Hy die dood vir julle kon oorwin?
- Glo julle dat Hy na die hemel opgevaar het om vir julle plek te gaan voorberei in die rus van die Vader?
- Verstaan julle wat dit beteken as mens in die rus van God ingaan?

Pasop dat julle nie vroeg al agterraak nie. Die toorn van God ken geen genade nie.

Geliefdes, onwetend is daar miskien baie onder ons wat verswak in hulle geloof en gehoorsaamheid aan God.

- Ons bid nie meer nie – altans nie almal nie.
- Ons hou ook nie meer almal saans godsdiens om God te dank vir nog ’n dag nie.
- Ons kennis van God en sy Woord verswak.
- As mens luister na sommige mense se argumente waarom hulle nie kerklik aktief wil raak nie, is hulle onkunde oor God en sy Woord doodgewoon verstommend.
- Die werklike liefde vir God ontbreek dus by daardie mense!

Vir sulke mense wat daarin volhard, word die rus van die Vader vervang met die eed wat die Vader met toorn sweer dat ons nie in sy rus sal ingaan nie.

- Die fout van die postmoderne mens is dat hy godsdiens gaan meet met sy eie maatstawwe.
- Hy bepaal hoe God mag wees en hoe nie. En ook sommer wat van God se openbaring vir hom aanvaarbaar is en wat nie –
    - Daarom is daar selfs teoloë wat verklaar dat die Ou Testament met sy wreedhede onaanvaarbaar is vir ons wat sogenaamd ontwikkeld is.
    - Dis presies waarom in baie kerke die Wet van die Here nie meer gelees word nie.

Dit Here se opdrag is dat ons alles wat aanbidding en eer aan Hom raak, moet meet met die maatstaf wat God self gee.

Daarom sê Hy dat ons moet vrees dat dit nie miskien blyk dat iemand van julle agtergebly het nie.

Laat ons ons dan beywer om in te gaan in die rus van God. Laat ons veg teen enige vorm van ongehoorsaamheid aan die Here.

Moenie moedeloos wees en dink dat julle nie kan wen nie.

- Veg met moed, want ons veg nie alleen nie – die Gees van God veg saam met ons.
- Hy gee ons insig en die gawe van onderskeiding waar dit op aankom.

Die belofte van God dat ons in sy rus sal ingaan, staan. God verander nie – sy beloftes hou stand tot in ewigheid.

Amen.

Slotgebed

Skrifberyming 15-7:5 (43:5)

5 Ek kom gou! Hou dan bestendig / wat my mond aan jou beloof.
Wees net waaksaam, en laat niemand / jou die eerkroon ooit ontroof.
Wie oorwin, hom sal 'k bevestig: / as 'n suil sal hy verrys,
om daar nooit weer uit te gaan nie, / in my God se pragpaleis.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 7 Augustus 2011 (Oggend Bellville en die aand Bellville-Oos)